# CARNARVON: 'N OORSIG VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE DORP EN DISTRIK

*Dr. J.J. Marais*

## VESTIGINGSGESKIEDENIS

Voor die koms van die Blanke was die Bokkeveld, Roggeveld, Hantam, Karee- en Nuweveldberge die ryk van die Boesmans. Teen die middel van die 18de eeu was daar reeds Blanke trekboere in die Kareeberge en die plaas Schietfontein is op 26 September 1758 op leenbasis aan Pieter Hugo verhuur. Ook Gijsbert van Schalkwyk en Jacobus Cloete het weidingsregte op Schietfontein bekom.

Ná aanraking met die Blanke het die Boesmans 'n sinnelose veeroof en menseslagting begin. Goewerneur Joachim van Plettenberg het derhalwe in 1778 besluit om hulle stelselmatig uit te roei. Hierdie beleid was geslaagd maar die Britte het ná hul oorname van die Kaap op 'n meer "menslike" optrede besluit. Lord Macartney het in 1798 die gebied tussen die Sakrivier en die Kareeberge as woonplek aan die Boesmans toegewys. Hierdie beleid het nie die probleem opgelos nie want die Boesmans het hulle ná strooptogte net eenvoudig in die Kareeberge gaan verskans.

Ná die Vierde Grensoorlog is 'n groep Xhosa onder leiding van Jan Kaffer, seun van Ngqika, toegelaat om hulle omstreeks 1816 in die Kareeberge te vestig. Die mislukking van Macartney se paaibeleid het sir George Napier op die gedagte gebring om die Xhosa as bondgenote teen die Boesmans in te span. Gevolglik het die regering in 1839 'n ooreenkoms met Jan Kaffer gesluit waarvolgens die Xhosa onderneem het om die Boesmans uit die Kareeberge te verdryf. As teenprestasie het hulle 'n vrugbare stuk grond van 14 740 ha in die Schietfontein-Harmsfontein-Rhenosterpoort-omgewing ontvang. Sowat 110 gesinne het hulle in die gebied gevestig en die Boesmans is mettertyd tot oor die Gariep (Oranjerivier) verdryf.

Reeds in die dertigerjare van die vorige eeu het daar ongeveer 700 Basters in die Kareeberge gewoon. Hierdie mengvolk het bestaan uit Blanke vrybuiters, Hottentotte, Korannas en Griekwas. Hulle was groot veebesitters wat 'n gevestigde bestaan gevoer en hulle in die waterryke Schietfontein-Harmsfontein-gebied gevestig het. Vanaf 1850 het Blankes in toenemende mate die Schietfontein-Harmsfontein-gebied binnegetrek. Dit is deur Jan Kaffer wat sedert 1839 die septer oor die gebied geswaai het, beskou as 'n verbreking van die ooreenkoms tussen die Xhosa en sir George Napier. Op 16 November 1860 het sir George Grey 'n proklamasie uitgevaardig ingevolge waarvan die toegewese 14 740 ha só verdeel is: (a) 7 878,4 ha is gereserveer vir 'n dorp. Hiervan moes 200 erwe vir Nie-Blankes uitgemeet word, terwyl die res as dorps- of binnemeent bewaar moes bly; (b) 74 662 ha is uitgehou as buitemeent waarop net Nie-Blanke erfhouers weiregte had; (c) sekere erwe is vir die Rynse kerk en skool afgesonder.

'n "Committee of Management" is gestig om die bestuur van die reserwegrond te behartig. Die Nie-Blankes het gaandeweg hul eiendomme aan die Blankes verkoop en teen 1875 het die vervreemdingsproses dermate gevorder dat besluit is om die Bestuurskomitee te ontbind.

Die Xhosa het nie net hul erfgrond uit hulle hande laat glip nie; ook as etniese groep het hul eiendomlikheid verlore gegaan en sedert 1943 word hulle nie meer as 'n afsonderlike groep in die Sendingkerk onderskei nie. Hoewel daar nog hier en daar Xhosa gepraat word en die donker gelaatskleur hulle van die ander groepe onderskei, het hulle as gevolg van ondertrouery "verkleurling" en hul voertaal is Afrikaans.

## GODSDIENS

Die Basters wat iets van die Christelike godsdiens geweet het, het herhaalde versoeke aan die Rynse sendingstasie by Wupperthal gerig om 'n leraar na hulle te stuur. Eerwaardes Zahn van Tulbagh en Leipoldt van Wupperthal (die digter C. Louis Leipoldt se grootvader) het gevolglik in 1842 besoek aan die gebied gebring, maar dit het nog vyf jaar geduur voordat hulle met voltydse arbeid begin het.


Op 18 November 1847 het eerwaarde C.W. Alheit van Amandelboom af hier aangekom en sy tent tussen die huidige ou pastorie en pastorietuin opgeslaan. Die eerste kerkie was van pale, klei, riet en matjiesgoed gebou, maar was spoedig te klein en 'n tweede kerkie is opgerig. Reeds in 1857 is 'n derde gebou in gebruik geneem. Tydens die bediening van eerw. Stremme is die gebou vergroot deur die aanbou van 'n galery en kloktoring.

Soos op vele ander gebiede was die Rynse sendelinge ook baanbrekers in die onderwys. Eerwaarde J.M. Dönges (grootvader van dr. T.E. Dönges) het in 1859 as "bystand" vir eerw. Alheit op Schietfontein aangekom en hom op die onderwys toegespits. Afgesien van die Nie-Blankes het ongeveer 40 Blanke leerlinge per jaar skoolklasse bygewoon.

Omstreeks 1860 het ds. H.C.V. Leibbrandt van die N.G. Gemeente Victoria-Wes (later argivaris van die Unie) begin om buitelugdienste op Schietfontein te hou. Op 16 Oktober 1861 het 47 persone onder leiding van William Dawson, voorsitter van die Bestuurskomitee, ver-

*Die Rynse kerkgebou wat tans deur die N.G. sendinggemeente as plek van aanbidding gebruik word.*

*FOTO: L. Lategan.*



gader om die moontlikheid van 'n kerkgebou te bespreek. Ná 'n lang gesloer is 'n kerkgebou op 18 Maart 1873 in gebruik geneem en 'n selfstandige N.G. gemeente het op 19 November 1874 tot stand gekom. Op 21 September 1875 is ds. W.P. de Villiers van Beaufort-Wes as predikant van die gemeente bevestig.

Nog voordat die Blankegemeente tot stand gekom het, was daar die sogenaamde "Korannavriende" op Schietfontein wat hulle dit ten doel gestel het om die heilsboodskap na die Korannas by Olijvenhoutsdrift (Upington) uit te dra. Hierdie "vriende" het Mattheüs Kühn (die grootvader van Mikro), Floris Albertus Visser (A.G. Visser se grootvader) en Josef Eckardt ingesluit. Reeds in die sestigerjare was hulle in verbinding met die Rynse sendeling Sterrenberg op Schietfontein. Korannakapteins Klaas Lukas en Kupido Pofadder (na wie die Boesmanlandse dorp heet) het in 1870 'n besoek aan Schietfontein gebring en daarop gewys dat hulle 'n gemeenskap van 1 000 tot 1 200 siele verteenwoordig wat dringend bearbeiding nodig het.

Ná onderhandeling tussen die Koranna, die Rynse Genootskap en die N.G. Kerk het eerw. Christiaan Schröder op 1 November 1871 in diens van die N.G. Kerk se Sinodale Sendingkommissie getree, maar ondanks sy toewyding kon hy nie veel vordering maak nie. Nadat Schröder 1879 na Witsieshoek vertrek het, is die Korannasending by die Bastersending ingelyf.

Die verhouding tussen die Rynse en die N.G. Kerk was steeds hartlik. 'n Nuwe bedeling het aangebreek toe die Rynse gemeente op 27 Maart 1943 deur die N.G. Sendingkerk oorgeneem is. Dit was 'n heuglike dag toe ds. I.R. April op 30 Mei 1970 as eerste Nie-Blanke predikant in die gemeente bevestig is.

Die St. Alban- Anglikaanse gemeente se geskiedenis is net so interessant soos dié van die stewige klipkerk wat deur sir Herbert Baker, boumeester van die Uniegebou, ontwerp is en waarvan die hoeksteen op 4 September 1915 deur die administrateur, sir Frederick de Waal, gelê is. Ten spyte daarvan dat die Anglikaanse gemeenskap die trotse eienaars van 'n kerkgebou is, het hulle sedert 1906 onder die gemeente van Victoria-Wes en die bisdom van George geval. Beaufort-Wes se priester kom neem een maal 'n maand dienste hier waar, maar die Carnarvon-gemeente hou sedert 1918 sy eie doop-, aannemings- en huweliksregister.

Lidmate van die Metodiste-kerk het op 26 Mei 1963 'n gemeente op Carnarvon gestig. Die plaaslike gemeente wat aanvanklik deur onder meer die gemeentes van De Aar en Beaufort-Wes versorg is, ressorteer tans onder die Upington-gemeente, en dienste word maandeliks in die Anglikaanse kerk gehou.

## PLAASLIKE BESTUUR

Sedert 1847 het eerw. Alheit as geestelike leier en algemene raadsman van die gemeenskap opgetree. Die Bestuurskomitee het uit 'n Blanke voorsitter en vier Nie-Blanke lede bestaan, terwyl eerw. Alheit tot 1865 sekretaris was waarna hy deur eerw. Sterrenberg opgevolg is. Die pligte van die Bestuurskomitee het onder meer behels die beheer oor die hoeveelheid vee wat erfhouers mog besit, die invordering van huurgeld en die reëling van leibeurte.

Die Komitee was ook verantwoordelik vir die handhawing van orde en wet; die eerste magistraat was ene Pett. In 1863 is 'n tronk en 'n nuwe kantoor vir die Komitee opgerig. 'n Nuwe polisiekantoor en tronk wat in 1881 gebou is, is eers onlangs (1969) deur 'n moderne komplekS vervang. 'n Dorpsbestuur is in 1876 in die lewe geroep en in 1883 het die dorp munisipale status verkry. S.J. Latsky was die eerste burgemeester (1884—1898).

## KOMMUNIKASIE

Carnarvon is geleë aan die Kareeberge in die hartland van die Middel-Karoo en is ongeveer 800 km per spoor en 600 km per pad van Kaapstad af. Die vernaamste buurdorpe is Williston in die suidweste, Vanwyksvlei en Vosburg in die noordweste en noordooste onderskeidelik, Victoria-Wes in die suidooste en Loxton byna reg suid.

Die eerste posagentskapskantoor is in 1880 gestig met P.J. Broderick as posmeester. Tussen 1881 en 1884 is die kantoor se status geleidelik opgegradeer namate poswissel- en spaarbankdienste ingestel is.

Die eerste trein het in 1906 van Hutchinson op Carnarvon aangekom. Dit het omslagtige transportryery uitgeskakel en baie tot die ekonomiese vooruitgang van die distrik bygedra.

Die eienaar van Carnarvon Press, ene Zeeman, was die uitgewer van die *Carnarvon Gazette*. In 1967 het die plaaslike gemeenskap op 'n eie koerant besluit en Protea Pers se *Ons Nuus* het gevolglik op 8 Mei 1967



*Die sierlike klipkerk van die St. Alban Anglikaanse gemeente wat deur sir Herbert Baker ontwerp is.*

*FOTO: L. Lategan.*

as 'n nuus- en advertensiemedium verskyn. Ná so 'n paar groeipyne wat onder meer die naamsverandering van *Ons Nuus* tot *Ons Eie* ingesluit het, is die blad by die HPK geregistreer as amptelike publikasie vir regerings-, afdelingsraad- en munisipale kennisgewings vir Carnarvon en omliggende distrikte.

Carnarvon se vliegveld is in 1950 aangelê en beskik oor drie aanloopbane waarop die grootste vliegtuie kan land. Volgens die Departement van Burgerlike Lugvaart is dit een van die veiligste, doeltreffendste en besgeleë vliegvelde in Suider-Afrika.

Goeie padverbindings dra in toenemende mate daartoe by dat toeriste deur die streek reis en sy besienswaardighede onder hulle aandag kom. Die tradisionele roete vanuit die suide het oor Beaufort-Wes en Loxton geloop, maar die alternatiewe pad Kaapstad-Vanrhynsdorp-Calvinia-Williston kry al hoe meer aftrek. Dit geld nie net die pad tot op Carnarvon nie maar ook óór Carnarvon na Britstown, Kimberley en verder noord. Hiervoor is daar drie redes. Die eerste is dat dit veel

rustiger as die Kaapstad-Beaufort-Wes-pad is. Die pad bring verder mee dat daar teen 'n gemaklike snelheid 'n groter afstand per dag afgelê kan word. Derdens is dit die besienswaardighede wat die reisiger bekoor. Daar word dikwels gepraat van Namakwaland se blommeprag en die meeste toeriste kies dus gewoonlik die Vanrhynsdorp-Nuwerus-Garies-pad na die noorde om na die veldblomme te gaan kyk. Die afgelope paar jaar het reisigers tot hul aangename verrassing ontdek dat die streek Vanrhynsdorp-Carnarvon geensins vir Namakwaland agteruit hoef te staan nie. Dié pad is letterlik met gous- en botterblomme omsoom, terwyl vygies en ander veldplante ook in groot plate aanwesig is. Verder veld in groei aalwynsoorte en struike in hul natuurlike omgewing.

Een van die groot aantrekkingskragte is die plaaslike natuurreservaat van 77 ha met sy verskeidenheid boksoorte, volstruise en ander wild. Verskeie inwoners van die dorp en distrik het ook hul eie natuurtuine waar fauna en flora bewaar word. 'n Baken en interessante besienswaardigheid is Beyersberg, 'n oer-vulkaan suidoos van die dorp, wat 35 km ver sigbaar is.

Een van die kenmerkende bouwerke in hierdie omgewing is byekorfhutte (korbeelwonings) wat net in die Carnarvon-Williston-Fraserburg-Loxton-omgewing te siene is. Aangesien dié geboue dikwels na aan die pad opgerig is, vang dit die reisiger se oog en dit is een van die aantrekkingskragte wat die pad tussen Williston en Carnarvon só leersaam maak. Soortgelyke wonings is omstreeks 3 000 jaar gelede in Suid-Europa opgerig; die bekendste bestaande voorbeelde word hoofsaaklik in Sicilië en Suid-Italië aangetref, hoewel dié bouvorm ook so ver noord as die Orkney-Eilande voorkom.

Aan die begin van die 18de eeu het trekboere vanuit die suide die Hantam, Roggeveld, Bokkeveld en Kareeberge binnegetrek. Hul vaste wonings was aanvanklik hartbeeshuise maar onverkwiklikhede deur die Boesmans het hulle genoop om ook in woningbou aan weerbaarheid te dink. 'n Onbekende boumeester van Suid-Europese herkoms kon dié bouwyse in ons barre landskap laat posvat het toe hy die praktiese nut van byekorfhutte vir dié uiterste klimaatomstandighede en ook met die oog op alledaagse dienlikheid ingesien en sy huis met Europese vaardigheid van plat klippe gebou het. Die moontlikheid is egter ook nie uitgesluit nie dat hierdie bouvorm spontaan ontstaan het in die omgewing waar plat klippe volop en ander boumateriaal skaars was.

Hoewel dit nie grondliggend van die Europese prototipe afwyk nie, het die korbeelhutte van die Middel-Karoo tóg 'n eiendomlike, plaaslike inslag. Anders as in Europa word ook vierkantige korbele aangetref. Net een eksemplaar van dié volksboukuns het 'n datum op: bokant die ingang van die grootste hut op die plaas Thokoboos is 'n klip met datum 1851 en dit word aanvaar dat die ander omstreeks dieselfde tyd gebou is. Van die treffendste hutte staan op die plaas Stuurmansfontein en is tot geskiedkundige gedenkwaardighede verklaar.

Hoewel 'n paar van die hutte vierkantig is, is die grondplan gewoonlik ringvormig met 'n deursnee van ongeveer 5,5 m. Die mure is sowat 0,75 m dik en is tot op 'n hoogte van omtrent 2 m vertikaal gebou, waarna dit met verdrag na binne hel om uiteindelik bo te ontmoet. Die opening by die bopunt is met 'n groot plat klip bedek. Rondom die dak is gewoonlik twee tot drie rye klippe wat na buite uitsteek; in die grootste korbele op Stuurmansfontein is daar selfs vier rye van hierdie klippe wat as trappies en ankers vir steierbalke dien.

Die deure bestaan uit 'n bo- en onderdeur. Regoor die ingang is 'n klein opening wat oorspronklik met 'n houtluik gesluit is. Die vensters is opsetlik klein en skuins in die muur aangebring om te verhoed dat die Boesmans hul pyle reguit in die vertrek skiet. Die vloere is gesmeer met 'n mengsel van klei en beesmis, glad gevryf met 'n klip en dan met beesbloed en vet gekleur en gepoleer.

In sommige mure is klein bêreplekkies (nisse) en daar is gewoonlik balke wat oor die boog strek en waaraan klere en biltong opgehang is. Teen baie van die mure is horings van wildsbokke as kapstokke aangebring. Op Konka en Schuinshoogte het 'n deel van die koepel uit 'n klein solderkamertjie bestaan, maar net Konka s'n het behoue gebly.


## KULTURELE EN MAATSKAPLIKE BEDRYWIGHEDE

In 1896 het eerw. Schreve van die Rynse kerk 'n "Basuinekoor" gestig wat gaandeweg 'n integrerende deel van Carnarvon se Nie-Blanke-gemeenskap geword het. Dié orkes het nie slegs tydens kerklike funksies nie maar ook gereeld by ander feestelikhede opgetree. Hoewel daar onder die jeug 'n afname in geesdrif te bespeur is, is daar by feesgeleenthede telkens weer 'n opflikkering.

Reeds in 1879 is die Carnarvonse openbare biblioteek as 'n subskripsiebiblioteek in 'n woonhuis in Greystraat gestig. Later het die biblioteek na 'n gebou in Alheitstraat, skuinsoor die woning van die egpaar Connan, verskuif. Die biblioteek was ingedeel in 'n "Fiction Room", "Reading Room" en 'n "Non-Fiction Room". Finansies was die subskripsiebiblioteek se grootste bekommernis en fondse is op verskeie oorspronklike maniere ingesamel. Daar is byvoorbeeld op 23 Augustus 1927 'n kaartjie in die Calcutta-lotery uitgeneem, maar geen prys is gewen nie. Hoewel die dorp en distrik oorwegend Afrikaanssprekend is, is die eerste Afrikaanse boeke eers in 1928 aangekoop en die biblioteekkomitee se eerste Afrikaanse notule is in 1944 aangeteken. Op 31 Januarie 1956 is die biblioteek by Kaapland se Provinsiale Biblioteekdiens ingeskakel en op 19 Augustus 1968 is 'n ruim, moderne kompleks betrek.

Die bekende digter, A.G. Visser, was van 1898 tot 1901 Carnarvon se tweede skoolhoof waarna hy hom as arts bekwaam en in 1906 as geneesheer na Carnarvon

*Korbeelhuisie op Stuurmansfontein, een van die talle besienswaardighede in die distrik Carnarvon.*
*FOTO: Verskaf deur mev. G. van der Waal, Pretoria.*





*A.G. Visser se woonhuis op Carnarvon.*

*FOTO: L. Lategan.*

teruggekeer het. Hy, sy broer J.A. Visser, dr. D.F. Malherbe (skoolhoof 1907—09) en 'n paar ander volksbewustes het 'n "Jongelingsvereniging" gestig; die feit dat dié twee befaamde skrywers gelyktydig op Carnarvon was, het veel vir die vereniging beteken. Van Maart 1907 tot Februarie 1910 is gereeld 'n joernaalaand gehou. Visser se bydraes onder die naam "Vaaljas" is getrou in die joernaalboek aangeteken. Dit is die enigste prosawerk uit sy pen en is in 1969 as *Joernaalaand: sestien prosastukke* in Kaapstad gepubliseer.

In 1917 is 'n plaaslike tak van die Helpmekaarvereniging gestig. Die onderwys op Carnarvon het veel hierby gebaat: daar is ruimhartig tot die kerk se koshuisfonds bygedra en verskeie leerlinge is gehelp om hul studie ná matriek voort te sit.

Die plaaslike tak van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging is in 1906 deur twaalf lede gestig. Die eerste taak wat die ACVV aangepak het, was noodleniging om oorlogverarmdes te help. In 1907 het die hulpbehoewende kind aandag begin geniet: deur middel van baba- en gesinsversorging is gepoog om mindergegoede kinders se lewens vreugdevoller en draagliker te maak. Reeds in 1947 het die ACVV aangedring op 'n tehuis vir bejaardes maar dit is eers op 30 Mei 1968 verwesenlik toe Huis Danie van Huyssteen, met onderdak vir 28 inwoners, ingewy is. Tans word daar jaarliks 'n beurs beskikbaar gestel aan 'n dogter wat haar as maatskaplike werkster wil bekwaam. Die vereniging het nie nét 'n Barmhartige Samaritaan-uitgangspunt nie en stel naas die etiese ook in die estetiese belang. Reeds in 1912 is die eerste blommetentoonstelling asmede 'n huisvlyt- en oudhede-uitstalling gehou. 'n Tak van die Vroue-Landbouvereniging is op 6 Augustus 1930 op Carnarvon gestig met die doel om volwasse-opvoeding onder meer binne die raamwerk van huisvlyt, openbare sake, gesondheidsake, opvoeding, landbou en bemarking en rasseverhoudinge te bevorder. Die lede word by een of meer van hierdie ses doelstellingsgroepe ingedeel.

*Die woonhuis van D.F. Malherbe, net twee huise verwyderd van dié van A.G. Visser.*

*FOTO: L. Lategan.*



## GESONDHEIDSDIENSTE

Reeds in 1869 was daar sprake van 'n "hospitaal" in 'n huis wat aan die tronk gegrens het. Op 18 Februarie 1881 is 'n gebou voltooi vir Xhosa wat met sifilis besmet was. In 1883 was hier twee deeltydse artse wat 'n wakende oog oor die distrik gehou het en besig was met die bestryding van pokke. In die 20ste eeu het 'n verplegingsraad ontstaan en is 'n klein siekehuisie betrek vir nood- en kraamgevalle maar die eintlike hospitaal was nog steeds dié een op Victoria-Wes. Eers op 17 November 1952 is hier 'n hospitaal met 13 beddens vir Blankes opgerig. Dié klein begin is uitgebou tot 'n siekehuis wat begin 1977 benewens die 40 beddens vir Nie-Blankes en 20 vir Blankes, ook oor 'n kraamafdeling en Röntgenkamer sal beskik. Die plaaslike tak van die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging wat op 2 Augustus 1943 gestig is, het naas 'n milde bydrae tot die boufonds van die hospitaal ook die goedtoegeruste teater en 'n EKG-masjien geskenk. 'n Verpleegsterstehuis is op 28 Oktober 1976 amptelik in gebruik geneem.



*Vooraansig van die hospitaal op Carnarvon. Heel links is die moderne verpleegsterstehuis wat op 28 Oktober 1976 amptelik in gebruik geneem is.*

*FOTO: L. Lategan.*

## EKONOMIE

Die ekonomiese lewe van Carnarvon is landbougeoriënteerd. Hoewel uraan, koper en diamante in die gebied aangetref word, was dit tot in hierdie stadium nog nie ekonomies ontginbaar nie. Die handel en plaaslike nywerhede is in groot mate gerig op die plaaslike behoeftes. As gevolg van die gemiddelde jaarlikse neerslag van 254 mm is merinoteelt die vernaamste landbouonderneming maar daar word ook met beeste geboer.

Graan word verbou met behulp van die saaidammetode van besproeiing.

Die boeregemeenskap het sedert oudsher op 'n losse voet saamgewerk maar reeds in 1864 was daar sprake van die stigting van 'n *Agricultural Society*. Ná die stigting van die Afrikanerbond het die plaaslike tak as spreekbuis van die boeregemeenskap opgetree. Eers gedurende 1916 is daar oorgegaan tot die stigting van die Carnarvonse boerevereniging. Volksraadslede P.J.H. Luttig en J.M. Connan was aktiewe en toegewyde bestuurslede en het sowel plaaslik as in die Parlement Carnarvon se streekbelange bepleit.

Die Boerevereniging se volgehoue bedrywighede het die owerheid se aandag getrek en op 1 Januarie 1963 het die Departement van Landboutegniese Dienste 'n navorsingstasie op die plaas Klerefontein opgerig. Aandag word gegee aan weidingnavorsing, navorsing op droogtebestande voergewasse en droogtevoeding van skape.

Ander proefwerk sluit die vergelyking van verskillende seleksiemetodes met merinoskape in. Tussen 1965 en 1967 is proefnemings uitgevoer om vas te stel wat die aard en lading van inwendige parasiete in die maag- en derminhoud van skape is. Die naam Klerefontein-navorsingstasie is in 1968 verander na Carnarvon-Proefstasie. In September 1971 is ook 'n weerstasie op die terrein ingerig.

Net soos in ander dele van die Karoo het Carnarvon se sake-opset 'n bekende patroon gevolg. Die dorp het sy eerlike, hardwerkende ambagsmanne gehad: skoen- en tuiemakers, loodgieters en bouvakliede. Die handel was hoofsaaklik in Joodse hande maar die toonbanke is gewoonlik deur Boereseuns beman. Laasgenoemde het hulle uiteindelik bekwaam en óf in vennootskap met die Jode getree óf eie ondernemings aangepak.

Een van die oudste en grootste winkels was dié van Leopold Abt en Kie, later in vennootskap met mnre. Nussbaum en Gerber. Twee Boereseuns wat hul sakekennis by dié firma opgedoen het, het later as Smith en Van der Merwe vir eie rekening handel begin dryf.

Adolph Mosenthal was 'n smous wat meer as 'n eeu gelede sy ware in die Kareeberge verkwansel het. Later het hy sy vleuels na Port Elizabeth uitgesprei, 'n bloeiende groothandelsaak gestig en 'n bekende wolmakelaar geword.

Ene Marx het in die vroeë jare ook 'n winkel gehad wat in 1928 van eienaar verwissel het en as Finberg's Stores sake gedryf het. Gebr. Stoch het in 1928 die eerste velskoenfabriek, slaghuis, meubelwinkel en motorhawe opgerig. Afgesien van Joodse entrepreneurskap het daar ook uit eie bodem vaardigheid opgeduik. J.S. van der Westhuyzen was 'n smous wat met 'n kapitaaluitleg van £12 begin het. Vir dié bedrag het hy negosieware in Kaapstad gaan koop en dit na sy plaas Vlakfontein karwei. Afgesien van sy smousery in die distrik het hy op 2 Januarie 1932 'n toonbankdiens op die plaas begin — 'n hartbeeshuis was die winkel. Teen 1935 was die saak só florerend dat Van der Westhuyzen 'n perseel op die dorp kon betrek. Die algemene handelsaak het meer en meer op dameskledy toegespits geraak en met Van der Westhuyzen se oorlyde in 1961 was die firma Blackie's 'n gevestigde huishoudelike naam op Carnarvon.

Een van die bekendste sake-ondernemings op Carnarvon is dié van Gebr. Ahmed, handelaars in groente, vrugte en seeprodukte wat weekliks vars voorraad aan die kus gaan haal en 'n welkome uitkoms vir mense is wat nie net van skaapvleis kan lewe nie. Vally Ahmed het in 1903 met sy saak begin en was tot 1938 in beheer toe sy seuns 'n aandeel in die firma bekom het.

'n Instansie wat veel vir Carnarvon beteken, is die Middel-Karoo-Koöperasie (MKK). Sedert die vyftigerjare het die gevoel al sterker posgevat dat 'n plaaslike verbruikerskoöperasie gestig moet word. Met die stigtingsvergadering op 5 Desember 1952 was daar 60 persone teenwoordig. Hoewel verskeie sake oorgeneem is, was die MKK se uitgangspunt nog nooit om privaatondernemings uit te druk nie. Die saak is ingestel op beter diens en laer winsneming. Selfbediening, 'n betreklike nuwigheid in die Karoo, is reeds in 1962 ingestel.

In April 1953 het mnr. E. Dyzel met 'n radiowinkel begin. As gevolg van sy ywer, sakevernuf en kundigheid het die onderneming dermate uitgebrei dat hy in 1965 'n vennoot, mnr. B. Meintjes, moes betrek. Dié twee here se gesamentlike inisiatief het meegebring dat Carnarvon oor 'n deeglike radioversieningsdiens beskik; verskeie ander noodsaaklike dienste word ook aan die gemeenskap gelewer.

Iets wat op die platteland nog skaarser is as 'n radiowinkel, is 'n volwaardige sweisery, want sweiswerk word gewoonlik deur die plaaslike motorhawens gedoen. In Maart 1963 het Roy Riley-Sweiswerke as 'n eenmansbedryf op Carnarvon sake begin doen. Die aanvanklike ystersmeewerk is spoedig uitgebrei tot versterking van die traliewerk aan bakkies en vragmotors. Tans word enige soort sweiswerk onderneem en selfs groter buurdorpe soos byvoorbeeld Beaufort-Wes kom by Carnarvon aanklop. In 1967 het Roy Riley-Sweiswerke tot die glasveselbedryf toegetree. Aanvanklik is stoele en tafels vervaardig, maar later is daar op waterdrinkbakke toegespits. As gevolg van deugsaamheid stroom navrae en bestellings in van Loeriesfontein in die weste, Upington in die noorde en Beaufort-Wes in die suide.

In 1968 is 'n verdere braakland ontgin toe daar met klipbrekery begin is. Die klipbreker wat op die dorpsmeent opgerig is, voorsien nie net in die plaaslike behoefte nie, maar bedien ook die omliggende sentra.

Ondanks die sosio-ekonomiese voorspoed wat die gebied tans beleef, is dit haas ondenkbaar dat die huidige geslag toegelaat sal word om te vergeet met hoeveel moeite en ontbering die eerste intrekkers vir hulle 'n bestaan ontworstel het aan 'n streek wat hoë eise aan sy bewoners stel.

**BRONNELYS**


1. ONGEPUBLISEERDE BRONNE

*Anglikaanse kerk, Carnarvon* Doop-, aannemings- en huweliksregisters.

*Carnarvon-Landbouvereniging* Notuleboeke.

2. INLIGTING VERSKAF

Departement Burgerlike Lugvaart; Hoofposkantoor: inligtingsdiens; Middel-Karoo-Koöperasie; Suid-Afrikaanse Spoorweë: inligtingsdiens; Suid-Afrikaanse Wetsgenootskap.

3. PERSOONLIKE GETUIENIS

Mnre. B. Becker, J. Finberg, B. Meintjes en J. van der Westhuyzen; mevv. L. Connan, J. Glöbel, E. Riley en A. van Heerden; Gesin M.E. Snyman; Stasiebevelvoerder, S.A. Polisie, Carnarvon.

4. LITERATUUR

KITSHOFF, M.C. *Kudde van Carnarvon: Nederduitse gereformeerde kerk 1874—1974.* Carnarvon, 1974.

N.G. SENDINGKERK. *Een-en-'n-kwart eeufeesgedenkboek van die Ned. geref. sendinggemeente Carnarvon: feesuitgawe 1847—1972.* Carnarvon, 1972.

PENRITH, J. en C. JANSEN. *Die Groot Karoo.* Kaapstad, 1974.

SUID-AFRIKA. Dept. van Inligting. *Suid-Afrika 1975: amptelike jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika.* Pretoria, 1975.

VISSER, A.G. *Joernaalaand: sestien prosastukke* (samest. J.D. van Graan). Kaapstad, 1969.

5. PERIODIEKE PUBLIKASIES

*Ons Eie*